*Vrydag* **15 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 30:15-31 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Spreuke 30:24-28**

**Ook in die kleine is God se werke groot**

Twee, of drie … nee vier dinge wat verwondering wek. Daardeur stel die digter dat die lys nog onvoltooid is. Telkens is daar hernude vreugde in die fyn waarneming van hoe God se skeppingswerke in hulle uniekheid jou verwagting ver oortref.

In die vier klein diertjies word soveel wysheid openbaar. Almal is besonders in eie reg, maar telkens as individu kom die wonder van hulle bestaan nie heeltemal tot sy reg nie. Dit is eers as hulle naasbestaan nader ondersoek word dat die krag en slimmigheid van elke skepsel ons aanspreek.

Van die miere leer ons die resultaat van samewerking insien wanneer hulle voorberei en kos versamel, alreeds as daar volop is, sodat hulle in die winter nie honger ly nie. En die dassies maak saam hulle tuiste tussen die rotse waar dit hoog en veilig is, terwyl die sprinkane sonder leier tog in formasie beweeg en verwoesting saai. Selfs die kleine geitjie leer ons ’n les in sy vreesloosheid deur selfs in die koning se paleis sy blyplek te vind.

Elke diertjie bring ons deur bepeinsing by daardie “Eureka”-uitroep: hulle is almal suksesvol in wat hulle doen. Hulle slaag as hulle saamwerk en hulle kragte saamvoeg.

Dan laat dit ’n mens in dieselfde verwondering besef wat ons Here Jesus bedoel het met al die ledemate saamgevoeg in een liggaam – sy kerk. Telkens in die Nuwe Testament as Hy na sy kerk verwys, gaan dit oor die samesyn; hoewel die individu nie onbelangrik is nie, is die krag van God in die gemeensaamheid van die gelowiges duideliker sigbaar. Daarom word ons saamgeroep om daardeur ons roeping suksesvol na te streef en uit te leef tot lof en eer van sy Naam.

*Sing: Skrifberyming 2-5:1, 3*
*Ds. JE (Blok) Franck (Emeritus)*